

## **Wêreldomgewingsdag: Waarom 'n versnelling van klimaataksie nou dringend is**

**Christian Lueme Lokotola\***

Die UCL (Universiteitskollege Londen)-Lancet-kommissie oor Klimaatsverandering het in 2009 verklaar dat “klimaatsverandering die grootste internasionale gesondheidsbedreiging van die 21ste eeu is”. Sedertdien het hierdie stelling 'n hoeksteen in die literatuur oor planetêre gesondheid en die skakels tussen klimaat en gesondheid geword. Dit dien as 'n kragtige argument teen enige verdere uitstel van aksie om die planeet en lewe daarop te beskerm.

Die Interregeringspaneel oor Klimaatsverandering se Sesde Asseseringsverslag (2022) wys deurlopend daarop dat klimaatsverandering 'n ernstige en toenemende bedreiging inhou vir menslike gesondheid, voedselstelsels, watersekerheid, lewensbestaan en ekostelsels. Klimaatsverandering hou steeds ingrypende gevolge vir mense, diere en plante in. Verskeie groot internasionale organisasies, kommissies en internasionale gesondheidsliggame het dit reeds as óf die allergrootste óf een van die grootste wêreldwye gesondheidsbedreigings van die 21ste eeu verklaar.

Die impak van klimaatsverandering word egter dikwels met klimaatwisselvalligheid verwar. Laasgenoemde verwys na kort- tot mediumtermyn-fluktuasies in weerstoestande wat lei tot El Niño- en La Niña-verskynsels in die Stille Oseaan, asook vulkaniese aktiwiteit. Klimaatsverandering behels langtermynverskuiwings in gemiddelde klimaatstoestande met periodes van gereelde en ernstige abnormale weersomstandighede wat van dekades tot 'n eeu kan duur.

Met Wêreldomgewingsdag wat op 5 Junie gevier is en wat vanjaar op klimaataksie fokus, moet ons ook besin oor hoe dringend hierdie aksie nodig is om planetêre gesondheid en die gesondheid van mense, diere en plantegroei te beskerm.

### **Stygende vrystellings**

Wetenskaplikes waarsku dat die konsentrasie van kweekhuisgasse in die atmosfeer die hoogste vlakke nog op rekord bereik het. Hierdie stygende kweekhuisgasvrystellings word deur motors, steenkoolkragstasies, nywerheidsaktiwiteite, skepe, vliegtuie en selfs gesondheidsdienste gedryf. Trouens, die gesondheidsorgsektor is verantwoordelik vir sowat 5% van wêreldwye kweekhuisgasvrystellings.

Ongelukkig is ons steeds vasgevang in ons afhanklikheid van fossielbrandstowwe. Selfs elektriese motors steun op materiale wat van fossielbrandstowwe afgelei is. Die afgelope dekades het rekordhoë temperature opgelewer wat reeds gevaarlik naby aan 1,5 °C bo die voor-industriële vlakke draai. Indien hierdie drempel oorskry word, sal dit natuurlike stelsels oor die afgrond stoot na onomkeerbare ekostelsel-ineenstorting, die verlies van biodiversiteit en strawwe omgewings-onstabiliteit. Dit beteken dat die frekwensie en duur van storms, kitsvloede, droogtes, hittegolwe, veldbrande en lugbesoedeling sal vererger.

### **Die impak op gesondheid**

Die situasie raak al hoe meer spoedeisend aangesien uiterste weerstoestande wat met klimaatsverandering verband hou, landboustelsels aansienlik ontwrig. Dit lei tot 'n afname in gewasproduksie, visvangs, waterbeskikbaarheid en biodiversiteit, terwyl voedselonsekerheid terselfdertyd toeneem. Klimaatsverandering beïnvloed die belangrikste bepalers van gesondheid soos skoon lug, veilige water en voedselstelsels. Dit lei tot ernstige gesondheidsprobleme, sterftes, ontheemding, migrasie en geestesgesondheidstrauma.

Die 2023 *Lancet*-verslag oor die wêreldwye siektelas toon skerp stygings in kardiovaskulêre, respiratoriese en aansteeklike siektes. Geen gesondheidsorgstelsel ter wêreld is immuun teen die druk van klimaatsverandering nie. Ons sien dit reeds in die toenemende vraag na gesondheidsorg, veral in lae- en middelinkomstelande waar gesondheidstelsels reeds breekpunt nader.

### **Onvoldoende en vertraagde optrede**

Ondanks die ontstellende bewyse van die impak van klimaatsverandering, kort baie lande steeds behoorlike aanpassingsplanne. Waar sulke planne wel bestaan, is plaaslike aksies dikwels gefragmenteerd, ondergefinansier of swak geïntegreer oor die verskillende sektore heen. Plaaslike inisiatiewe word telkens uitgestel, wat ongelukkig toekomstige skade, die siektelas en sosio-ekonomiese verliese sal verdiep.

Dit sal dit op sy beurt dit selfs moeiliker maak om aanpassings- en versagtingsplanne te ontwikkel en in te stel. Hierdie gebrekkige en vertraagde optrede het reeds tot toenemende omgewings- en maatskaplike onreg bygedra, waar lae-inkomstelande en gemarginaliseerde gemeenskappe aan dieper armoede, maatskaplike onstabiliteit en ongelykhede in gesondheidsorg blootgestel word.

### **Beperkte begrip**

Ondanks toenemende wetenskaplike bewyse en internasionale aandag, het baie gemeenskappe steeds 'n beperkte begrip van die oorsake, gesondheidsimpakte en plaaslike risiko's van klimaatsverandering, asook van toepaslike aanpassingspraktyke en volhoubare oplossings. Baie kwesbare gemeenskappe ly ook onder digitale uitsluiting, swak openbare kommunikasiestelsels, beperkte toegang tot inligting, lae opvoedingsvlakke en die verspreiding van waninligting. Globale klimaatsboodskappe strook dikwels nie met mense se plaaslike geleefde ervarings nie.

Verskeie gemeenskappe, selfs diegene wat die ergste deur uiterste weersomstandighede geraak word, beskik oor bitter min kennis oor klimaatsveerkragtigheid en omgewingsvolhoubare aksies soos rampgereedheid en noodreaksie. Die konsep van klimaatsveerkragtigheid verwag dikwels van kwesbare bevolkings om bloot aan te pas, pleks daarvan dat die wortels van hulle bestaande lyding uitgeroei word.

Baie aksies om die impak van klimaatsverandering te verminder, fokus óf op aanpassing óf op versagting (*mitigation*). Hoë-inkomstelande is geneig om versagting te prioriseer om sodoende volhoubare samelewings en gesondheidstelsels te bou terwyl hulle hul koolstofvoetspoor verklein. Lae- en middelinkomstelande, wat buitensporig swaar getref

word deur uiterste weersomstandighede, fokus noodgedwonge op veerkragtigheid, rampgereedheid en noodreaksie. Bewyse toon egter dat nóg aanpassing nóg versagting op sy eie gesondheids- en maatskaplikesorgstelsels ten volle kan beskerm.

### **Die mobilisering van kennis**

Die grootste deel van die kennis oor klimaatsverandering en gesondheid, volhoubare gesondheidsorg en klimaatsveerkragtigheid bly grootliks opgesluit in akademiese literatuur en beleidsdokumente. Dit bereik selde die gesondheidswerkers op die grond, opvoeders of die gemeenskappe self. Daar is 'n gaping tussen die generering van kennis en die praktiese toepassing daarvan. Ons het kennismobilisering nodig – die generering, deel, vertaling, aanpassing en toepassing van kennis om beleid, praktyk, onderwys, besluitneming en kapasiteitsbou te verbeter – om hierdie kloof te oorbrug.

Daar is reeds heelwat kritiek uitgespreek teen bestaande veerkragtigheids- en volhoubaarheidstrategieë. Baie van hierdie raamwerke lyk ambisieus op papier, maar is swak wanneer dit kom by die uitvoering daarvan. Dit behels dikwels die assessering van klimaats- en kapasiteitskwesbaarhede om eenvoudige operasionele planne op te stel sonder duidelike stappe vir implementering. Raamwerke en strategieë van hoë-inkomstelende word dikwels net so in lae- en middelinkomstelende oorgeneem sonder om die plaaslike konteks of gemeenskapsdeelname in ag te neem. Hulle vorm nie deel van 'n geïntegreerde stelsel denke-benadering wat kennis deur interdisiplinêre samewerking genereer nie.

Klimaatsverandering is nie meer bloot 'n wetenskaplike projeksie wat deur kenners gemaak word nie. Sowel klimaatswisselvalligheid as klimaatsverandering beïnvloed die samelewing, gesondheid en gesondheidsorgdienste op talle maniere. Volhoubare klimaataksie vereis 'n stelsel denke-benadering wat stewig gewortel is in intersektorele, interdisiplinêre en gemeenskapsgesentreerde samewerking. Daar is reeds meer as genoeg bewyse van klimaatsrisiko's. Wat ons nou nodig het, is volgehoue optrede.

**\*Dr Christian Lueme Lokotola is 'n dosent in die geneeskunde en navorser in planetêre en openbare gesondheid by die Skool vir Klimaatstudie en die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg aan die Universiteit Stellenbosch.**